

Laerskool Mikro

Graad R

Lewensvaardigheid

Week 7



Graad R Superheld

Laerskool Mikro is ‘n lekker skool. Dit is waar maatjies gelukkig is en daarvan hou om met mekaar te speel en saam te leer.





Eendag toe kom daar ‘n “bad guy”. Sy naam is Corona en hy maak mense siek. Sy “superpower” is dat hy kan spring. Hy is ook deurskynend.

In Graad R is daar ‘n superheld. Hy het baie “cool superpowers”. Hierdie superheld het nie van Corona gehou nie. Hy wou vir die ander Graad R maatjies sy “superpowers” leer sodat Corona niemand kan siek maak nie.

"Superpower" 1:

Ons moet spesiale wapens dra om ons lyfie te beskerm. Dit is 'n supermasker sodat Corona nie ons mond kan sien of daaraan vat nie. En 'n superhoed om ons te herinner dat ons nie te naby aan iemand anders moet kom nie, omdat Corona kan spring.

"Superpower" 2:

Elkeen het ons eie borrel met ons eie "superpowers". Ons moenie aan mekaar vat nie. Dit maak die Corona bang as al die maatjies hulle eie "superpowers" het.

"Superpower" 3:

Ons kan ons hande, klere en lyfies skoonmaak. Corona haat skoon goed. Daarom was ons baie keer hande en trek elke dag skoon klere aan.



Nou en dan kry ‘n superheld ‘n seer keel, maar dan probeer hy nog harder om al die superheld werk te doen, want hy weet dit gaan hom beter maak.

By die skool moet ons almal superhelde wees met "superpowers"! Dit gaan Corona bang maak en wegjaag. Dan gaan die eerste Graad R superheld se hartjie baie baie bly wees omdat hy vir ons "superpowers" geleer het.

Wenke vir Mamma en Pappa om leerder te motiveer om masker te dra:

- Verduidelik op 'n eenvoudige manier hoekom ons die masker moet dra.
- Motiveer die superheld-"look".
- Kinders moet "oefen" om masker te dra.
- Laat kinders self hulle masker versier - dit gee hulle 'n gevoel van eienaarskap.
- Moenie jou gewone gedrag verander nie - troos hulle en gee net soveel liefde soos altyd.